# Aan die ouers/voog

Heilige Gees Reeks
Sondag 31 Mei
Ouderdom 4-12
Les 4: Verniet geskenke!
Skrif: 1 Kor 12:11

Hoekom hierdie reeks?

Aan die einde van hierdie reeks sal ons wil hê dat elke kind moet verstaan dat Jesus opgevaar het hemel toe, maar dat Hy Sy Gees, die Heilige Gees, gestuur het vir ons om ons te help om Jesus se werk te doen hier op aarde. Ook dat elke kind gevul sal wees met die Heilige Gees. Vandag is vir eers ons laaste les in hierdie reeks.

Voorgestelde program:

1. Grootmens verduidelik waaroor vandag gaan (Heilige Gees se gawes/ geskenke). Praat ook bietjie oor wat hul kan onthou van vorige kere.

2. Gebruik die "links" om na die aanbidding liedjies te gaan. Ons verduidelik ALTYD aan kids HOEKOM ons die Here aanbid. Ons gesels daaroor: want Hy is goed! Hy is ons Koning daarom lig ons ons hande op of buig neer. Kyk net sy pragtige Skepping buite. Ons sê ook DANKIE dat ons Hom mag ken en dat ons so ongelooflik

bevoorreg is. (Tip: doen die aanbidding SAAM jou kinders, leer hulle hoe deur jou voorbeeld).

3. Kry julle Bybel reg. Kry skrif gedeelte reg. Sit dan almal saam en kyk die video saam as gesin as moontlik. “Pause” video waar nodig en beantwoord vrae. Vandag is slegs ‘n inleiding tot die gawes!

4. Doen saam die kinders die craft soos uiteen gesit as moontlik.

Geniet die tyd saam en hou in gedagte dat ons net ‘n druppel in die emmer laat val het wat die Heilige Gees betref. Daar is nog soveel

wat ons die kids kan leer oor Hom!

Dankie dat julle saam ons hierdie reeks geniet het.

Liefde
Shofar Kids Lockdown team
❤️